Nr./No. 55 1967 Desember/December

ZA·05(68
P '67/55

# Pretoriana




TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

**Prys : 25c : Price**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Inhoud/Contents

Dr. T. S. van Rooyen† ...... 2

Die Straatname van die Pretoriase voorstad Danville-uitbreiding No. 2: G. J. VAN ECK ...... 3

Lys van Besienswaardighede in Pretoria: H. M. REX ...... 8

Skooltuinekompetisie 1967 ...... 12

Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria: DR. N. A. COETZEE 13

Die Lotgevalle van die Staatsmodelskoolgebou (1909-1931): KOMDT. DR. J. PLOEGER ...... 17

Old Pretoria Society Constitution ...... 24



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DR. T. S. VAN ROOYEN †



DIE Redaksie van Pretoriana en die Genootskap Oud-Pretoria het met leedwese verneem van die skielike heengaan van dr. T. S. van Rooyen, 'n vroeëre redakteur van Pretoriana en 'n voormalige voorsitter en bestuurslid van die Genootskap Oud-Pretoria. Wyle dr. Van Rooyen was met sy gesin met vakansie in Durban toe hy op 14 Desember 1967, in die ouderdom van slegs 45 jaar, aldaar skielik aan 'n hartaanval oorlede is.

Wyle dr. Van Rooyen het in die ontwikkelingsgang van die Genootskap en Pretoriana diep spore getrap. Hy was nie net van 1952 tot 1956 bestuurslid van die Genootskap nie, maar ook in 1962 ondervoorsitter en van 1964 tot 1965 voorsitter Hierbenewens was hy van 1952 tot 1956 redakteur van Pretoriana en in 1964 en 1965 ook weer lid van die redaksiekomitee.

Wyle dr. Van Rooyen was enersyds die nugtere historikus en wetenskaplike met 'n breë kennis van die geskiedenis van Oud-Pretoria maar andersyds ook mens met 'n diepgaande liefde vir en 'n intense belangstelling in die gedenkwaardighede van die stad waarin hy vir soveel jare gewoon en gewerk het. Uit sy pen het daar 'n groot getal artikels in Pretoriana en ander publikasies verskyn. Die belangrikste hiervan wat in Pretoriana verskyn het, was onder andere dié oor Wallmansthal, die sendingstasie van die Berlynse Sendinggenootskap noord van Pretoria, die foto-uitgawe van die geskiedenis van Pretoria wat in April 1965 verskyn het, sy bydrae in verband met die omskepping van die historiese kerkplein van Pretoria, sy pleidooie vir die behoud van die Bras Ferreira-huis op die hoek van Paul Kruger- en Skinnerstraat en andere.

Wyle dr. Van Rooyen was voorheen ook lid van die redaksie van „Historia", „Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede"' en ba'Ntu. Sy heengaan is 'n verlies nie net vir sy dierbares nie, maar ook vir die universiteit waaraan hy verbonde was as senior-lektor in die geskiedenis asook vir die talle organisasies waarvan hy lid was of aan wie hy sy aktiewe steun en samewerking gegee het.

Die voorsitter en bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria en die redaksie van Pretoriana wil graag, ook langs dié weg, hul innige meegevoel betuig aan mevrou Van Rooyen en haar kinders. Mag hulle ryklik vertroos word en mag die mooi herinnering aan hom hulle sterk op die pad vorentoe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE STRAATNAME VAN DIE PRETORIASE VOORSTAD DANVILLE-UITBREIDING No. 2

(*Bron*: Stadsraad se Argieflêer N.T. 159 en desbetreffende Raadsbesluite.)

*Deur* G. J. VAN ECK

BY Kennisgewing no. 179 van 1965 in die *Provinsiale Koerant* 3150 van 5 Mei 1965, word die voorgestelde stigting van die Dorp Danville-Uitbreiding No. 2 op die Restant van die Plaas Pretoria Dorp en Dorpsgronde No. 351 J.R. Distrik Pretoria, aangekondig.

Maar vooraf moes die Stadsraad eers oor straatname vir die nuwe dorp besluit. Aangesien die strate en lane van Danville self (waarvan bogenoemde voorstad 'n tweede uitbreiding was), in 1943 vernoem is na Rugbyspringbokke uit vervange se dae, is die beleid eweneens in hierdie geval gehandhaaf.

Die Stadsbeplanningskomitee van die Stadsraad het op 11 September 1964, toe daar nege name aan hom voorgelê is vir oorweging, besluit om die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur te vra om in 'n verdere verslag oor die straatnaamgewing, die name voor te stel, waar moontlik van Noord-Transvaalse (verkieslik Pretoriase), of Springbokrugbyspelers. Na aanleiding van die besluit, doen die Direkteur onder datum 4 November 1964 (Verw. No· T.2-1392/64) soos volg verslag oor die aangeleentheid:-

"The following names of Pretoria Springbok Rugby Players are acceptable for use as street names in the above township:

Strydom or Louis Strydom,
Fonne du Toit,
Jorrie Jordaan,
Martin or Harry Martin,
Jaap Bekker,
Dinkelmann,
Mof Myburgh,
Du Preez or Frik du Preez,
Dirksen, Boet Prinsloo, Teuns Kruger,
Baba Bosman, Van Vollenhoven,
Schmidt or Louis Schmidt,
Mannetjies Roux."

Uit die name van Pretoriase Rugbyspringbokke wat die Direkteur en ook ander instansies as straatname vir bogenoemde voorstad voorgestel het, het die Stadsraad toe op 26 Februarie 1965 op ondergenoemde name besluit:

Dinkelmann
Dirksen
Du Preez
Nykamp
Roux
Schmidt
Strydom
Uys
Van Vollenhoven

Van bogenoemde rugbyhelde se prestasies op daardie gebied, vind 'n mens alles omstandig geboekstaaf in talle publikasies oor die Suid-Afrikaanse Rugbyspringbokke, veral in die *Rugbyspringbok-annale* — 1891-1964, wat deur dr. Danie Craven saamgestel is, maar oor die betrok-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kenes as mense, is daar net hier en daar in los koerant- of tydskrifartikels gegewens te vinde wat ook nie altyd onberispelik betroubaar is nie. Waar die betrokkenes dus persoonlik geraadpleeg kon word, het ek dit gedoen.

**Dinkelmann:**

Dr. Ernest Dinkelmann praktiseer die afgelope 14 jaar as geneesheer in Pretoria, alwaar hy aan die plaaslike Universiteit hom vir sy professie bekwaam het. Hy is op 14 Mei 1927 gebore te Ermelo waar hy skool gegaan en reeds toe al vir die dorp rugby gespeel het.
Hy het in altesame ses wedstryde vir Suid-Afrika gespeel: In 1951/52 se Springboktoerspan teen die Britse Eilande en Frankryk onder Basil Kenyon (hy druk die laaste drie in die Toetswedstryd op Saterdag, 24 November toe die Springbokke die Skotte met 44-0 ge-Murrayfield het); en in 1953 teen John Solomon se Wallabies in Suid-Afrika.
Sedert 1954 is hy afrigter en Noord-Transvaalse keurder.
In 1952 tree hy in die huwelik met 'n nooi Lucia Elsa Bertha Schoeman. Hulle het 6 kinders, 5 seuns en 1 dogter en woon in Lynnwood, Pretoria.

**Dirksen:**

Cornelius Wilhemus Dirksen („Cor" of „Corra"), is tans in Sunnyside, Pretoria woonagtig saam met Dalene (geb. Fourie) met wie hy op 10 Maart 1962 in die huwelik bevestig is. Cor is op 22 Januarie 1940 te Vereeniging gebore; matrikuleer in 1956 aan die Vereenigingse Hoërskool, waar sy rugby ook begin het. Later word hy immers die eerste rugby-springbok uit daardie kontrei.
In 1959/60 loop hy aan U.P. vakke vir die B.Sc., maar kry nie daarmee klaar nie. Studeer daarna in die Aptekerswese, en is voornemens om nog daarmee voort te gaan.
Hy dra die eerste keer die Sprinkbokkleure teen John Thornett se Wallabies in Suid-Afrika in 1963, en neem weer in 1967 deel aan alvier die toetswedstryde teen die Franse in Suid-Afrika — druk 2 drieë in die 1ste toets op 15 Julie te Durban en 1 drie in die 2de, op 22 Julie te Bloemfontein.

**Du Preez:**

Frederick Christoffel (Frik) du Preez is vlugsersant in die grondpersoneel te Pretoria van die S.A. Lugmag waarby hy in 1954 aangesluit het ná afloop van sy skoolopleiding aan die Standerton-hoërskool waar hy begin speel het as losskakel.
Gebore op 28 November 1935 in die Rustenburgdistrik, het hy by 'n broer sonder kinders gaan inwoon tydens sy skooljare op Standerton.
Speel in die Weermagspan (Garnisoen) sedert 1956; kry Springbokkleure in 1960 en speel ook vir S.A. in 1961 en 1962 en neem in 1967 teen die Franse deel net aan die laaste toets op 12 Augustus te Nuweland — sy agtiende toets tot dusver.
Hy is nog ongetroud en vra jy hom wanneer hy eendag dan 'n deksel



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gaan kry, dan sê hy maar hy trou Desembermaand . . . weet nie watter jaar nie!

**Nykamp:**

Joe C. Nykamp is op 16 Oktober 1904 in Pretoria gebore. Nadat hy in Oost-Eind die St. IX bereik het, gaan hy in die motorbedryf werk, eers vir Haak's Garage (wat toe Fords verkoop het) tot einde van Maart 1925, en van 1 April 1925 af tot op hede by Steyn's Garage (die huidige Fordhandelaars.)

Behalwe twee jaar in Ermelo, het hy nog steeds in Pretoria gewerk, en woon tans in Bailey's Muckleneuk.

Vanaf 1925 tot en met 1934 speel hy rugby vir Transvaal, en is die kaptein van die eerste Junior Springbokspan na Argentinië in 1932.

Verwerf Springbokkleure in 1933 teen Alec Ross se Wallabies in Suid-Afrika. Die jaar daarna hou hy op met aktiewe spel en dien net in rugbykomitees, ens.

Tree op 1 Oktober 1930 in Pretoria in die huwelik met ene mej. Friedricks wie se moeder 'n nooi Mellish was. Hy het twee seuns en twee dogters. Is van plan om wanneer hy oor twee jaar uittree, en nie meer Fords verkoop nie, self met een die wêreld plat te ry.

**Roux:**

Francois du Toit („Mannetjies") Roux is op 12 April 1939 op Victoria-Wes gebore. Toe hy op twee-jarige leeftyd sy vader verloor, verhuis die gesin na die Boland. Op Somerset-Wes leer hy aan die Laerskool en matrikuleer in die Paarl aan die Hoër Jongenskool.

Na sy jaar van militêre opleiding aan die Lugmaggimnasium is hy vir drie jaar lank landboustudent aan die Universiteit van Stellenbosch waar sy opgang in die rugbyvoetbal (W.P.-senter en Junior Springbok na Argentinië in 1959) sy graadstudies in die wiele ry. Hy keer dan terug na die Transvaal waar hy by die Lugmag gaan werk tussen die jare 1961-1964.

Hy dra die Springbokkleure in 1960/61 (Avril Malan se Springbokspan in die Britse Eilande en Frankryk); 1962 (Arthur Smith se Britse Span in S.A.). In 1967 het hy (weens beserings) nie 'n plek in die Springbokspan teen die Franse gekry nie.

Is in 1962 getroud met 'n nooi Charlotte Jooste van Britstown, en hulle het 1 seun en 1 dogter.

Hy boer tans in die distrik van Victoria-Wes.

**Schmidt:**

Louis U. Schmidt is op 6 Februarie 1936 op Middelburg, K.P., gebore. Sy vader se familie was feitlik almal sendelinge en predikante en is van Duitse afkoms. Hoewel Louis-hulle Duits in die huis gepraat het, het hy dit feitlik verleer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ná sy laerskooljare in die Duitse skool, Pretoria, is Louis na die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria. In 1954 is hy na die Lugmaggimnasium en die jaar daarop studeer hy aan die Universiteit van Pretoria, alwaar hy in 1958 die Graad B.Sc. behaal.
Daarna is hy die eerste deel van 1959 werksaam by die Buro vir Standaarde, en begin sy Onderwysloopbaan aan die Hoërskool Hendrik Verwoerd, Pretoria, die laaste kwartaal van 1959; bly aldaar tot 1961. Sedert 1962 doseer hy Wetenskap en Aptekerswese aan die Pretoriase Tegniese Kollege.
Met na-uurse studie het hy teen die middel van 1961 die H.O.D. aan U.P. behaal en na twee jaar van deeltydse studie (1962/3), verwerf hy die Graad B.Sc. (Landbou). Aan die einde van 1965 en begin 1966 doen hy die eksamengedeelte van M.Sc. (Landbou).
Sy vrou, Veda, het hy gedurende 'n vakansie by een van die warmwaterbronne, Carolina-distrik, ontmoet, en die romanse het voor die kansel geëindig. Hulle het drie kinders en is tans woonagtig in Rietondale, Pretoria.
Tussen 1957 en 1964 het Louis byna 70 keer vir Noord-Transvaal gespeel en het ook twee keer die Springboktrui gedra — in 1958 teen die Barbarians en in 1962 teen die Leeus.
Louis se swart snor wat so punt in die wind staan wanneer hy met die bal wegbars, was sy „handelsmerk" sedert hy dit in 1954 op die Gimnasium laat groei het, tot onlangs toe hy daarvan ontslae geraak het omdat hy „begin oorgewig raak met die ding" en mense hom „aansien vir 'n Oupa!"

**Strydom:**

Louis Strydom (tans kaptein) is sedert 1942 pal „in die Tronk", soos hy dit uitdruk. Toe het hy, naamlik, by die Departement van Gevangenisse aangesluit, alwaar hy tans nog werk en woon, in Pretoria.
Hy het op 27 Oktober 1921, die eerste lewenslig aanskou, op Robertson, K.P., waar hy aan die Hoërskool gematrikuleer het. Daarna was hy tydelik as klerk in die Landdroskantoor, Robertson, werksaam totdat hy in 1942 in die „Gevangenisse" beland het.
In 1949 speel hy vir Noord-Transvaal in die Springbokspan teen Fred Allen se All Black-span in Suid-Afrika. In 1952 is hy afrigter in Liesbeekpark en Bellville, K.P. — „Noordelikes". Tydens sy werksverblyf (1962/4) aan die Rehabilitasiesentrum, Kroonstad, O.V.S., doen hy eweneens afrigtingswerk.
In 1963 ontvang hy kommissierang, en kom in Januarie 1966 na Pretoria toe terug en word tot kaptein bevorder.
Op 27 Oktober 1945 is Louis Strydom getroud met 'n nooi A. S. Steyn van Potgietersrus. Hulle het 3 dogters en 1 seun.
Hy loop tans buitemuurse B.A. aan U.P.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Uys:**

Luit. Pieter de Waal Uys, tans woonagtig en werksaam by die S.A. Polisiekollege, Pretoria, is op 10 Desember 1937 in die Paarl gebore, en het aan die Maitland Hoërskool, Kaapstad, gematrikuleer.
Aan die begin van 1956 begin sy opleidingskursus aan die Polisiekollege, en ná afloop daarvan, bly hy aldaar aan as Taalinstrukteur.
Van die begin van 1958 tot die middel van 1961 is hy aan die Speurdiens verbonde, maar keer dan na die Kollege terug as instrukteur in Liggaamlike Opvoeding. In 1963 word hy weer Taalinstrukteur en word bevorder tot Adjt.-offisier. In 1965 ontvang hy kommissierang (luitenant), en is tans Kompaniebevelvoerder oor nagenoeg 216 Kollegestudente.
Speel rugby vir Noord-Transvaal sedert 1959 en was ook in die span wat die Franse (Hane) op 5 Augustus op Loftus Versveld, Pretoria, met 19 : 5 geklop het. Het Springbokkleure gedra in:

| | |
|---|---|
| 1960/61: | Springbokspan in Britse Eilande en Frankryk. |
| 1961: | Ronnie Dawson se Ierse Span in Suid-Afrika. |
| 1961: | Ken Catchpole se Wallaby-span in Suid-Afrika. |
| 1962: | Arthur Smith se Britse Span in Suid-Afrika. |

In 1959 is hy getroud met ene mej. De Villiers van Pretoria. Hulle het 'n dogter en 'n seun.

**Van Vollenhoven:**

Oor Karel Thomas van Vollenhoven (gebore op 29 April 1935, te Bethlehem, O.V.S.) skryf Dirk Kamfer onder meer die volgende in „Die Huisgenoot" van 22 November 1957:

„Daar het eenmaal in die Vrystaat 'n tengerige seun opgegroei. Wanneer sy maats buite met hul wilde speletjies kerjakker, kon hy nie meedoen nie, en moes hulle maar deur die raam dophou, want met die geringste vermoeienis het sy bors toegeslaan.
Eendag, toe hy 14 jaar oud was, reent dit hard en stroom die water geel voor die huise verby en in die weldadige reënstrome plas die seuns van die dorp joelend rond. Stilletjies sluip hy weg voor sy uitkykvenster en spring uitbundig saam met die ander in die loute van reën en donderweer. En wonder bo wonder die verwagte benoudheid van sy bors het hom nie oorval nie.
Dit was die keerpunt. Daarna sou die seun nooit weer sit en toekyk waar ánder speel nie. Inderdaad sou menigtes juig wanneer hulle hóm op die speelveld sien."

Alle sportkenners was van oordeel dat hy nog 'n prins onder die sportmanne gaan word.

„Hy hét. Toe hy 18 jaar oud was, speel hy al rugby vir sy provinsie,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die volgende jaar was hy Springbok, was hy in een toetswedstryd drie maal met die bal dáár en weg soos Vrystaatse weerlig voordat sy gevierde teenstander, A. J. F. O'Reilly, nog mooi na hom kon vat. In Nieu-Seeland het hulle hom „Die Man met die Flikkerende Voete" genoem. Hulle het hom gevrees en tegelyk verafgod. Soos dié van 'n prins was nog sy aansien by sy terugkeer."

Nadat Karel op die Voortrekkerhoërskool, Bethlehem, geleer het tot St· VIII, gaan hy na die Polisiekollege, Pretoria, aan die begin van 1953.

In 1954, op 18-jarige leeftyd, speel hy vir Noord-Transvaal in die Curriebeker-finaal teen W.P. op Nuweland. In 1955 is hy Springbok teen die Leeus in Suid-Afrika, en in 1956 „die man met die flikkerende voete" teen Nieu-Seeland aldaar.

In 1956 het hy in die Rhodesiese Koperstreek gaan werk. Tree op 21 April 1957 in die huwelik met ene mej. Leonie Lawrence, oorspronklik van Bethlehem waar hulle klasmaats was. In Oktober van dieselfde jaar bedank hy sy betrekking op die kopermyn en word beroepspeler van die St. Helens League Rugby Club in die stadjie St. Helens, Lancashire, Engeland.

Hul 2 seuntjies en 1 dogtertjie is aldrie dus in St. Helens gebore.

Tom werk tans aan die hoofkantoor van Pilkington Brothers Limited, Glass Manufacturers, St. Helens, en gaan by dieselfde firma op Springs werk wanneer hy D.V. aan die einde van Februarie 1968 na Suid-Afrika terugkeer.

Tom is die derde van 4 seuns (en nog 'n dogter) uit die huwelik van mnr. Pieter Martinus van Vollenhoven, van Bethlehem, O.V.S., en mej. Caroline Wilken uit Graaff-Reinet se wêreld. Hulle is sedert 1956 in Pretoria woonagtig.

# LYS VAN BESIENSWAARDIGHEDE IN PRETORIA

*Op versoek van die Bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria, het Mnr. H. M. Rex onlangs die onderstaande lys van besienswaardighede in Pretoria, saamgestel. Lesers word vriendelik versoek om die lys verder aan te vul en in dié verband in verbinding te tree met òf die Voorsitter van die Genootskap òf enige Bestuurslid.*

1. Kerkplein met Krugerstandbeeld en argitektoniese kenmerke van die bouwerk op die Plein.
2. Die ou Goewermentsgebou.
3. Die Nuwe Provinsiale Gebou (Standbeelde, interieurs, ens.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

4. Die ou Nederlandse Bankgebou waarin die Pretoriase Kunsvereniging tans gehuisves is.
5. Die eertydse „Law Chambers".
6. Die Cafe Riche-gebou. Besienswaardig is die beeldhouwerk deur Anton van Wouw: die uil en reliefbeeld bo op die hoek van die gebou.
7. Die Hoofposkantoor.
8. Die eertydse Nasionale Bank- en Muntgebou.
9. Die Bank of Africa-gebou.
   Nrs. 3 t/m 9 is almal aan die westekant van Kerkplein.
10. Paleis van Justisie.
11. Suid-Afrikaanse Reserwebankgebou.
   (10 & 11 aan die noordekant van Kerkplein).
12. Ons Eerste Volksbankgebou.
13. Terrein van die Equity-gebou (vroeër Erasmus-gebou).
14. Lewis & Marks-gebou.
15. Terrein van Barclays Bank.
16. Cuthberts-gebou.

   Opm. Die hele omliggende terrein het interessante historiese assosiasies( d.w.s. al is die teenswoordige gebou nie van historiese belang nie, is die terrein waarop die gebou staan wel van groot historiese belang.

17. **Kerkstraat-Wes tot by die Ou Kerkhof.**
   Interessant vir besoekers aan hierdie omgewing is om aangetoon te word waar, onder andere, genl. Hendrik Schoeman, meester Wessel Louis (tot 1884), ds. S. J. du Toit en Totius as kind, kol. I. P. Ferreira, ds. Postma, Sytze Wierda, H. Stiemens, die Krugers en die Eloffs, Gerrit Pierneef en Klaas van Rysse in die Republikeinse tydperk gewoon het.
18. Die Krugerhuis en terreine waar hy aanvanklik gewoon het en in sy besit was.
19. Die Gereformeerde Kerkgebou.
20. Potgieterstraat, oorspronklik die westelike grens van Pretoria.
21. Die Ou Kerkhof.

22. **Vermeulenstraat.**
   Ligging van die huise van bekende persone in die tyd van die ZAR, o.a. A. H. Nellmapius (noord-oostelike hoek van Vermeulen- en Bosmanstraat), Vise-president C. J. Bodenstein naby die hoek van Van der Waltstraat, ens.
23. Staatsdrukkerygebou uit die jaar 1896 (h/v Vermeulen- en Bosmanstraat; terrein van die destydse De Pers/The Press.
24. Jeugsentrum terrein van die eertydse Susannasaal waar die lyk van president Kruger in staatsie gelê het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

25. Die N.G. Kerkgebou (Die Grootkerk) met monument vir dr. H. S Bosman.

26. **Bosmanstraat.**
Staatsgimnasium op die hoek van Bosman- en Proesstraat.

27. Eendrachtskool met interessante inskripsies op ingang aan Bosmanstraat; herinnering aan die C.N.O.-tydperk (die sg. „Kruger Stiftung"-fonds).

28. **Proesstraat.**
Dr. E. J. P. Jorissen-woonhuis eertyds op h/v Proes- en Markt (Paul Kruger)straat; huis ook gebruik vir die Hoge School, biblioteek, museum en ander kantore.

29. **Paul Kruger- en Boomstraat.**
Du Toit- en Boomstraat vorm aanvanklik die grens tussen dorpserwe en privaat grond van verskillende persone, o.a. Andries du Toit, Schutte, Prinsloo, e.a. Dit gee ook die verklaring vir skewe rigting van Boom- en Du Toitstraat oor 'n sekere afstand.

30. Terrein van die Nasionale Dieretuin was op een stadium woonplek van Komdt.-genl. Stephanus Schoeman en histories belangrik i.v.m. die „burgeroorlog"-tydperk; hy het dit Klein-Schoemansdal genoem; na Schoeman woonplek van Jan F. Celliers, die redakteur-eienaar van De Volksstem, en vader van die digter, Jan Celliers, en mev. Anton van Wouw; deur Celliers „Rus in Urbe" genoem en teen die einde van die vorige eeu aan die Regering verkoop vir die doeleindes van 'n dieretuin en museum.

31. Staatsmuseumgebou; hoeksteen deur dr. Mansvelt gelê.

32. H/v. Bosman- en Boomstraat, terrein van die eertydse woning van Christiaan J. Joubert, L.U.R. en Hoof van Mynwese van die ZAR; dubbelverdiepinghuis in 1890 gebruik as vergadersaal van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk.

33. Terrein van die busloodse, die eertydse woonhuis van T. N. de Villiers, gesiene persoon in die tyd van die Republiek.

34. H/v. Boom-, Du Toitstraat en Soutpansbergweg die terrein van die eertydse woning van J. J. P. Prinsloo (Joggem Tweeduim) eienaar van die gedeelte van Daspoort waarvan hy 'n gedeelte aan M. W. Pretorius vir die uitleg van Pretoria verkoop het; in sy huis het kapt. Struben met die eerste skool in Pretoria begin (in 'n buitekamer) wat later oorgeplaas is na die woonhuis van M. W. Pretorius (kommandant-generaalswoning wat later die „Oude Pastorie" van di. Begemann en Bosman geword het op die terrein van die teenswoordige Paleis van Justisie.

35. H/v. Soutpansbergweg & Beatrixstraat (by sirkel): terrein van een van die tolhekke in die ou dae.

36. Ned. Hervormde Kerkgebou, h/v Du Toit- en Kerkstraat; tablet aan muur gedenk gesneuwelde Oud-Nederlanders tydens Tweede



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Vryheidsoorlog, o.a. 'n broer van Vincent van Gogh, die skilder.

37. Du Toitstraat vorm oorspronklik oostelike grens van Pretoria; Boomstraat (oorspronklik Schuttestraat) die noordelike grens.
38. Terrein van die Pretoriase Tegniese Kollege was vroeër woonplek van P. W. T. Bell, Hoof van die Staatsdrukkery.
39. Terrein omsluit deur Du Toitstraat en Apiesrivier het vanaf 1857 aan landdros A. F. du Toit behoort. Hy het die grond van M. W. Pretorius, die eienaar, vir 'n Basoetoeponie geruil en dit Arcadia genoem: dié gebied was dus Pretoria se eerste voorstad en ook die oorspronklike Arcadia (wes van die Apiesrivier).
40. Leeubrug; ook terrein van Du Toit, en na hom van S. P. Meintjes, se woonhuis en watermeule.
41. H/v. Kerk- en Prinsloostraat (suid-oos): eertydse woning van Hermann Jeppe, staatspresident Burgers, Britse Resident en Wessel Louis.
42. Langsaan in Prinsloostraat die eertydse gebou van die Opleidingskool van Louis; Jan Celliers se skool.
43. Die terrein van die ou markplein (Uitspanningsplein oorspr.) met die gesloopte Markgebou op h/v. Kerk- en Van der Waltstraat; baie historiese assosiasies, o.a. die saal waarin Jameson en sy medestanders verhoor is.
44. In Minnaarstraat, op die hoek van Prinsloostraat, langs Oranjehof wat nou gesloop is, die eertydse woning van G. R. van Wielligh.
45. H/v. Prinsloo- en Visagiestraat: eertydse woonhuis van dr. Leyds.
46. Aan die westekant van die Irene-hotel in Jacob Maréstraat, die woning van C. van Boeschoten.
47. Op h/v. Van der Walt- en Jacob Maréstraat het die huis van adv. Kleyn gestaan (Parkzicht), ontwerp deur Klaas van Rysse; woonplek van die Boere-afgevaardigdes in Mei 1902.
48. Langsaan Melrose House (in Jacob Maréstraat teenoor ingang van Burgerspark), woonhuis van G. Heys, residensie van Kitchener; ondertekening van die Vrede van Vereeniging vind daarin plaas.
49. H/v. Jacob Maré- en Andriesstraat: woonhuis van N. J. R. Swart, staatsekretaris in die tyd van president Burgers.
50. Burgerspark: standbeelde, historiese geboue en bome.
51. Woonhuis van Bourke in Jacob Maréstraat, langs die Dirk van der Hoffgebou.
52. Terrein van die eertydse ZASM-huis van Middelberg en ZASM-kantore, Paul Krugerstraat, tussen Jacob Maré- en Minnaarstraat.
53. Terrein van die Stadsaal met beeldegroep, ens. (Pretoriusplein).
54. Terrein van die eertydse woning van komdt.-genl. Piet Joubert in Visagiestraat, digby hoek van Paul Krugerstraat; Voortrekkergedenksaal.
55. Staatsmodelskool, h/v. Van der Walt- en Skinnerstraat.
56. Militêre Hoofkwartier; standbeeld van komdt. Henning Pretorius.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# SKOOLTUINEKOMPETISIE 1967

Mnr. H. Bruins-Lich was die Genootskap Oud-Pretoria vanjaar behulpsaam met die beoordeling van die Skooltuinekompetisie.

Die volgende pryse is vanjaar toegeken, t.w. die Eerste aan Laerskool Rachel de Beer, Pretoria-Noord, die tweede aan die Laerskool Saamspan, Mountain-View en die derde aan die Pretoria-Oos Laerskool.

Mnr. Bruins-Lich het die volgende opmerking in dié verband gemaak: „Ek dink dat waar skole mooi inheemse bome het en sekere spesies nog gaan aanplant, behoort daar naamplaatjies aangebring te word. Selfs ook aan uitheemse bome. Dit sal leersaam vir die kinders en besoekers wees."



Ons foto is geneem op 4 Maart 1967 by geleentheid van die oorhandiging van die Genootskap se Wisseltrofee aan die Laerskool Die Heuwel vir die beste skooltuin in 1966. Op die foto verskyn v.l.n.r.: Mnr. E. R. Lombaard, die Voorsitter van die Skoolkomitee, Mnr. C. F. Hendrikz, die Hoof, Dr. N. A. Coetzee, Voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria, en Mnr. M· C. Myburgh, Inspekteur van Onderwys.

Dr. Coetzee het die skild oorhandig en die kinders toegespreek.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# JAARVERSLAG VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

*soos gelewer deur die Voorsitter, dr. N. A. Coetzee, by geleentheid van die Jaarvergadering op Woensdag, 23 November* 1967.

Geagte Lede,

Met leedwese moet ons die afsterwe van Dr. P. J. du Toit, een van die stigterslede van die Genootskap aankondig. Ook meld ek die afsterwe van mev. de Zwaan, een van ons ou lede en dogter van ons eerste Registrateur van Aktes, J. J. Meintjies. Mnr. de Zwaan (1866-1948) was die argitek van die ou Nederlandse Bank op Kerkplein en die ou Landbank.

Ek versoek u om in eerbied 'n oomblikkie op te staan en stil te wees.

Weer eens is dit vir my 'n eer en voorreg om die Voorsitter se jaarverslag aan die lede vanaand hier voor te lê. 'n Groot hoeveelheid baie belangrike sake is gedurende die jaar afgehandel of aangevoor vir toekomstige behandeling. Al hierdie sake is aangepak op gesag van die wyer magte en pligte soos aangedui in die nuwe Grondwet van die Genootskap. Hierdie Grondwet soos aangeneem op die Jaarvergadering van 23 November 1965 en gewysig op 1 Desember 1966 is nou in albei tale beskikbaar. Die Afrikaanse teks het reeds in Pretoriana verskyn, terwyl die Engelse teks gedurende 1967 gefinaliseer is vir publikasie in die eerskomende uitgawe van Pretoriana. Die onvermoeide ywer van adv. E. de V. Stegmann in die afhandeling van hierdie mylpaal in die geskiedenis van die Genootskap, word hier in erkentlikheid vermeld.

**BESTUURSVERGADERINGS:**

Hoofbestuursvergaderings het plaasgevind op 17 Maart, 8 Junie, 24 Augustus en 26 Oktober 1967. My hartlike dank aan die lede van die Bestuur wat so getrou was in hulle opkoms en hul gewilligheid om met die werksaamhede te help. Ek noem die name Ondervoorsitter, prof. P. C. Coetzee, Penningmeester, dr. Gerhard Rissik, Sekretaris, adv. D. G. v.d. Byl, Hulpsekretaris, prof. F. J. du T. Spies, Redakteur, mnr. J. H. Hattingh, Argivaris, mnr. H. M. Rex en lede, mnre. T. E. Andrews, C. A. Cilliers, J. P. Lotz, W. S. Robertson, E. de V. Stegmann en N. L. P. v.d. Walt. Mnr. J. P. Lotz het gedurende die jaar bedank en nie verdere vergaderings bygewoon nie. Mnr. H. Rex het bedank as Argivaris en die pos moet vanaand weer gevul word.

Die volgende sake was onder bespreking by hierdie vergaderings:

1. **PRETORIANA.** Die Desember 1966-uitgawe, No. 52, nl. die Pretoriana-uitgawe, is gewy aan die vyftienjarige bestaan van die Genootskap.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit is 'n gedenknommer van hoogstaande gehalte. Hierdie uitgawe, sowel as No. 53, die Maart 1967-uitgawe, is deur mnr. H. M. Rex geredigeer en hy word ten seerste bedank. No. 54, Junie 1967, is versorg deur mnr. J. H. Hattingh, die nuwe redakteur. Die dank van die Genootskap word oorgedra aan beide hierdie werkers. Die amptelike orgaan van die Genootskap het in die gees van die Grondwet getuig van die uitstekende diens wat die Genootskap en sy lede aan Pretoria lewer. Die hoop bestaan dat No. 55 ook nog gedurende hierdie jaar die lig sal sien.

2. **LYS VAN BESIENSWAARDIGHEDE.** Mnr. H. Rex het 'n volledige lys van besienswaardighede in Pretoria opgestel, waarin 56 items genoem word. Hierdie lys sal deur die Bestuur in die toekoms aangevul word. Ons dank aan mnr. Rex vir die werk. Ons het nou 'n basis om verder op uit te bou en ook om 'n wakende oog te hou oor slopings.

3. **HISTORIESE GEBOUE EN BEWARING VAN OUDHEDE.**

Die Stadsraad, wat toestemming moet verleen wanneer enige gebou gesloop word, het onderneem om die Genootskap in kennis te stel as sodanige aansoeke ontvang word. 'n Versoek is aan die Pretoria News gerig om items of dele van die gebou van die Pretoria Klub te bewaar wanneer hierdie gebou gesloop word, of om sekere dele in die nuwe in te bou. Vertoë is aan die Stadsraad gerig om De Rapperstraat se naam te behou met die nuwe straat wat die oue moet vervang· Mnr. De Rapper was 'n belangrike argitek in Pretoria wie se nagedagtenis nie deur die sluiting van 'n straat uitgewis mag word nie. Die ou Boereforte om Pretoria het ook aandag geniet. Sake staan soos volg:- Klapperkop en Schanskop is die eiendom van die Verdedigingsmag, Klapperkopfort is reeds gerestoureer en dien as militêre museum. Die Wonderboomfort is die eiendom van die Stadsraad. Wesfort behoort aan die Staat en is onder die kontrole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Strubenkopfort behoort aan die Strubentrust. Vertoë is aan al die instansies gerig om die forte te restoureer voordat dit te laat is en te gebruik vir een of ander doeleinde sodat dit gedurig in orde gehou en ingeskakel kan word in die lys van besienswaardighede van Pretoria en sy historiese verlede. Melrose House, waar die vrede van 1902 geteken is, is in privaatbesit, en vertoë is aan die Stadsraad, die Historiese Monumentekommissie en die Stigting Simon van der Stel gerig om die nodige te doen soos deur die inwoners van Pretoria en die volk van die Republiek van Suid-Afrika verwag word. Die Stadsraad is versoek om die naam Attridgeville te behou. Die Genootskap was verteenwoordig op die samesprekings wat deur die Stadsraad gereël is insake die Ou Begraafplaas en 'n Heldeakker. 'n Memorandum is ingestuur wat pleit in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

eerste instansie vir die oprigting van 'n behoorlike muur langs Kerkstraat. Die saak van 'n Heldeakker is in die hande van die Regering gelaat. Die Genootskap het sy vertoë gerig en is teen die massaherbegrafnis van sy helde. Vertoë is aan Yskor en aan die Stadsraad gerig vir die oprigting van een of ander gedenkitem ter ere van die baanbrekerswerk en versiende blik van Cornelis Delfos. Moontlik is dit 'n saak wat op landswye basis aangepak moet word. Jess' Cottage en die nagedagtenis van Rider Haggard is ook onder behandeling. Die voorgestelde snelweë van die Stadsraad bring hierdie gebou in gedrang. Die firma Stocks en Stocks is blykbaar gewillig om die gebou te laat restoureer soos dit in Rider Haggard se dae was as deel van hulle woonstelonderneming en Jess' Cottage as huisvesting vir die opsigter in te rig met 'n klein literêre museum ter nagedagtenis aan Rider Haggard. Reëlings word getref en lug- en ander foto's is reeds geneem en sal nog geneem word van Pretoria in ons tyd, vir bewaring in ons argief. Die moontlikheid bestaan dat die Genootskap erfgenaam mag word van die foto-versameling van mnr. Dotman Pretorius — bekende fotograaf. Die huis van die eerste Mynkommissaris van die S.A. Republiek, C. J. J. Joubert, gebou deur die Staat op plaas Elandspoort 193 (vandag in besit van die Provinsie Transvaal) naby Fonteinedal, verdien aandag. Op een van die binnemure is die wapens van die Transvaalse Republiek en die Nederlandse Koningshuis, vermoedelik deur Anton van Wouw geskilder. Die twee gedankplate aangebring aan die Ou Goewermentsgebou en die Paleis van Justisie op 10 Oktober 1966, vind algemeen byval en 'n subkomitee van u Genootskap bestaande uit Prof. Spies en mnr. Andrews is besig om met verskillende instansies te onderhandel vir die aanbring van verdere Gedenkplate met die versoek dat hierdie instansies self die koste dra. Die wapen van die Genootskap word eersdaags aangebring bokant die Gedenkplaat aan die ou Goewermentsgebou sodra die Registrasiesertifikaat van die Genootskap se Wapen van die Staatsheraldikus ontvang word. Die registrasie is nou afgehandel.
Die argiefstukke van die Genootskap Oud-Pretoria is nou in hoofsaak opgeberg in die Staatsbiblioteek met die hoop dat 'n geskikte en gerieflike plek later gevind sal word vir die permanente uitstalling daarvan in 'n Pretoria-kamer. 'n Besondere saak, die vensters en deure van die ou Kerk op Kerkplein in die Republiekdae van die Transvaal, is onlangs opgespoor en sommige deur die Genootskap verkry. Moontlik kan dit later gebruik word in die voorgenome Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Intussen word dit bewaar.

## 4. SKOOLTUINEKOMPETISIE.

As bydrae tot die eeufeesviering van die stad Pretoria (1955) het die Genootskap 'n jaarlikse Skooltuinekompetisie in die lewe geroep vir alle laerskole in Pretoria-stad. Vir die jaar 1966 is die Genootskap



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

se skild deur Laerskool Die Heuwel verower. Ons dank aan mnr. J. P. Lotz wat hierdie saak die afgelope paar jaar hanteer het. Ongelukkig kan ons nie verder van mnr. Lotz se dienste gebruik maak nie U voorsitter het die reëlings vir 1967 gedoen en mnr. H. Bruins-Lich is tans besig om die elf skole wat vanjaar ingeskryf het, se tuine te beoordeel. Die opvoedkundige waarde van hierdie aktiwiteit van u Genootskap word baie gewaardeer. Ons dank ook aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir die samewerking en aan inspekteur A. D. Morrison wat tot dusver gehelp het met die reëlings vir die besoeke met die beoordeling.

5. **VRIENDE VAN DIE MUSEUMVERENIGING.**

Hierdie saak is deur u Genootskap onderneem. 'n Konsepkonstitusie is aan die Raad van Kuratore van die Nasionale Kultuur-historiese en Opelugmuseum voorgelê. 'n Subkomitee van u Vereniging reël vir 'n Stigtingsvergadering vroeg in 1968. Die ondersteuning van die lede van die Genootskap word hiermee gevra. By die Stigtingsvergadering waarvan u almal kennis sal ontvang, sal verdere besonderhede verskaf word. Hierdie saak is van die allergrootste belang.

6. **BESOEKE AAN HISTORIESE GEBOUE.**

Die Bestuur hoop om vroeg in 1968 'n begin te maak om lede uit te nooi om aan uitstappies deel te neem wanneer plekke van historiese belang in Pretoria en omgewing besoek sal word. Die Bestuur sal die reëlings met die eienaars tref en volgens reëlings die aantal besoekers beperk.

7. **ALGEMEEN:** Die volgende verdere sake verskyn op vanaand se sakelys en sal dus aandag geniet:

(i) Die werksaamhede van die Hoofstadsbeplanningsraad.

(ii) Bewaring in mikrofilm van ou koerantberigte.

(iii) Toekenning van Erelidmaatskapsertifikate aan die geagte Stigterslede van die Genootskap.

(iv) Finansiële verslag met besonderhede van verdere bedrywighede.

Ons wil graag 'n spesiale woord van dank rig aan adv. D. G. v.d. Byl vir die konsensieuese uitvoering van sy taak as Sekretaris. Ook 'n woord van waardering aan mnr. Gerard Rissik vir sy voortgesette belangstelling as penningmeester na sy aftrede as Direkteur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE LOTGEVALLE VAN DIE STAATSMODELSKOOLGEBOU (1909-1931)

deur KOMDT. JAN PLOEGER

*THE work of the above school has benefited by the move from the old wood and iron buildings into the Quondam Pretoria College.*

Hierdie vermelding, afkomstig uit 'n inspeksieverslag van Oktober-November 1909, laat die leser 'n voorsmakie kry van die weldadige uitwerking wat die trek van die *East Central Government School* op die personeel en ongetwyfeld ook op die leerlinge van 'n skool gehad het wat uit 'n aantal hout- en sinkgeboue bestaan het en wat — indien ons indirekte afleidings nie foutief is nie — op die terrein van die huidige Pretoriase Tegniese Kollege gestaan het. Die oudste dokument aangaande die *East Central Government School* wat in die argief van die plaaslike Skoolraad aanwesig is en waarin 'n deel van die inhoud tans gepubliseer word, gaan terug na die jaar 1907.[1] Dit is 'n inspeksieverslag waaruit o.m. afgelei kan word dat die terrein, waarop die geboue verrys het, in 'n slegte toestand verkeer het, dat die klaskamers warm was en dat die oplossing vir die verkryging van 'n blywende skoolgebou dringend was. In dié ondoeltreffende geboue is onderwys tot st. 6 gegee en het die leerlinge op leie geskrywe.

Die aanbeveling van die inspekteur dat die swartborde in die laer klasse gedeeltelik in wit blokke verdeel moet word om met die blokkies van die leie ooreen te kom, laat ons gedagtes teruggaan na ons eie skooljare toe die lei weliswaar reeds sy gloriejare agter die rug gehad het maar nog nie uitgedien was nie.

In Maart 1908 is daar, na aanleiding van die volgende inspeksie, weer 'n verslag oor die *East Central (Subsidiary) School* opgestel waarin o.m. die volgende besonderhede aangetref kan word:

> *The Polytechnic buildings are being erected over practically the whole of the school playground,*

en waaruit verder afgelei kan word dat daar o.m. in die hoogste klasse onderrig in kookkuns en houtbewerking gegee is.[2] Ongelukkig verstrek die verslag van die bekende inspekteur, mnr. Willem Klooster, nie al die besonderhede wat ons graag aangaande die ligging van die *East Central Government School* wil verneem nie, maar in die verslag oor die inspeksie van 26 en 27 Oktober 1908 lees ons:

> *The Polytechnic Buildings have entirely monopolized the play-ground . . . It is hoped that a move from these buildings will soon be possible . . .*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Verder is in die verslag opgemerk:

*Education cannot advance very far as long as irregularity of attendance and migration from school to school continues.*

Volgens die inspeksieverslag was daar, tydens die inspekteur se besoek, 199 leerlinge van die *East Central Government School* aanwesig terwyl die aantal geregistreerde leerlinge 232 bedra het en die leerlinge onderrig tot en met st. 7 ontvang het.

**Die Polytechnic**

Waar die *Pretoria Trades School and Polytechnic* 'n paar maal in inspeksieverslae en met betrekking tot die terrein van die *East Central School* genoem is, volg hier — voordat die verskuiwing van laasgenoemde onderwysinrigting kortliks beskrywe word — 'n paar besonderhede aangaande dié voorloper van die huidige plaaslike Tegniese Kollege.

In *The City of Pretoria and Districts* lees ons op pp. 68 en 69:

*This school provides technical education in trades; connected with it is a polytechnic in which a more advanced curriculum is given . . Wagon building, carpentry, plumbing, electrical engineering, farriery, etc., are taught in well-equipped workshops, and there are continuation classes in the evenings. Classes are also held for literary and commercial subjects, and lectures are given on the theoretical side of technology. Attached to the school is a Polytechnic Club, which serves to bring the students together for outdoor as well as indoor recreation*[3].

Ten tye van die opstel van hierdie besonderhede aangaande 'n skool wat sowel vir Britse eksamens as die Johannesburgse *School of Mines and Technology* voorberei het, het mnr. Sidney Wood aan die hoof van die Pretoriase *Polytechnic gestaan*[4].

**Na Van der Waltstraat**

Op grond van die trek van die leerlinge van die voormalige *Pretoria College* lei ons af dat die personeel en leerlinge van die *East Central School* aan die begin van die tweede kwartaal in 1909 hul intrek in die voormalige Staatsmodelskoolgebou in Van der Waltstraat geneem het[6].

Uit 'n inspeksieverslag wat van Maart 1909 dateer is o.m. vermeld dat mnr. Martin op dié tydstip as agerende hoof opgetree het, terwyl die dames Miller, Taylor, Jennings, Dimsdale en Anderson as personeellede genoem is. Ook is in dieselfde verslag vermeld dat die onderwys van die grade tot st. 7 gegee is en die leerlingetal 224 was[6]. Vermoedelik was mnr. J. Elson, wie se naam in latere verslae dikwels voorkom, voor en ten tye



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die *East Central School* die hoof van 'n skool wat voor die verskuiwing in 1909 met verskillende moeilikhede te kampe gehad het.

Na die trek het sowel met betrekking tot die prestasies van die personeel as die leerlinge, verbetering ingetree, terwyl die inspekteur tydens sy inspeksie tevrede was met die uitgeoefende dissipline en verder vermeld het: „Fire drill was well carried out."

Tydens dié inspeksie, in Oktober en November 1909, was daar 214 leerlinge aanwesig en het die aantal geregistreerde leerlinge 231 beloop.

Uit 'n tweetal verslae van 1911 verneem ons dat die meerderheid van die leerlinge Engelssprekend was, dat „Hollandssprekende" leerlinge Bybelgeskiedenis deur middel van Nederlands ontvang het en dat die inspekteur van oordeel was dat die peil van Nederlands, in vergelyking met 1910, heelwat vooruitgegaan het.

Onder die genoemde personeellede kom die name van mej. Dimsdale, mev. Webber, mnr. Bosman, mej. Jennings en mev. Ashley voor.

## Naamsverandering gevra

Op 5 Julie 1912 het die skoolraadsekretaris aan die Provinsiale Sekretaris gevra om, met verwysing na 'n versoek van die hoof van die *East Central Government School,* die naam *Boys High School* van die gebou in Van der Waltstraat te verwyder en dit deur *East Central School* te vervang. As rede vir dié versoek is aangevoer dat baie ouers gedink het dat die *East Central School* 'n seunskool was en hul dogters na 'n ander skool gestuur het.

Uit hierdie korrespondensie blyk dit dat eersgenoemde naam in klip uitgekap was en dat aanbeveel is om die naam uit die klip te verwyder of om 'n bord met die nuwe naam aan die gebou te laat aanbring.

Op watter wyse aan die versoek van die prinsipaal voldoen is, blyk ewenwel nie uit die beskikbare gegewens nie, maar o.i. kan hieruit wel afgelei word wat tot op dié tydstip die amptelike benaming van die voorganger van die *East Central School* in die bekende gebou in Van der Waltstraat was.

## Inspeksies in 1912 en 1913

In November 1912 is die *East Central School geïnspekteer* en is die volgende personeellede in die verslag genoem: Mev. Webber, mnr. De Klerk, mej. Dimsdale, mev. Ashley, mej. Enslin, mej. Taylor, mej. Anderson. Die skool het 243 leerlinge getel, van wie 222 aanwesig was[8].

In die volgende inspeksieverslag, Oktober 1913, is o.m. vermeld dat die gebou skoon en netjies en die skoolbesoek redelik was. Leerlinge in st. 6 en st. 7 is tydens hierdie inspeksie met die oog op die laerskoolsertifikaat geëksamineer.

Met betrekking tot Engels is gewag gemaak van goeie resultate, terwyl Nederlands iets verbeter het en die praat van dié taal as besonder swak beskrywe is. Oor die algemeen het, aldus die inspekteur, die werk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bevredigend gevorder en is die klassifikasie van die leerlinge vir 1914 aan die hoof oorgelaat. In hierdie verslag is mnr. J. Elson vir die eerste keer as prinsipaal van die skool genoem[9].

**Inspekteur W. Klooster se bevindings**

Voordat die bevredigende inspeksie verrig is, het inspekteur Klooster die *East Central School* op 22 en 23 April 1913 besoek en o.m. geskrywe:

*In deze school is 't Engels medium en wordt 't Hollands als taal onderwezen. Op deze regel wordt een uitzondering gemaakt voor negentien leerlingen, verdeeld in drie klassen . . . die door medium Hollands onderwiis ontvangen. Deze toestand is ongewenst en onbevredigend: 't is tijd- en krachtverspilling.*

In hierdie verslag is die volgende personeellede genoem: mej. Enslin, mev. Webber, mev. Coetzee, mnr. J. P. Theron en mev. Ashley.

Volgens inspekteur Klooster het mnr. Elson, die hoof, die „gang van 't Hollands" met belangstelling gevolg en is die volgende aantal ure aan dié vak bestee:

| | | |
|---|---|---|
| Substanderds (= grade) | : | 2½ uur per week. |
| Stds. 1, 2 en 3 | : | 3½ uur per week. |
| St. 4 | : | 3¾ uur per week. |
| St. 5 | : | 3½ uur per week. |
| Stds. 6 en 7 | : | 3 uur per week. |

Volgens die inspekteur was uitbreiding van tyd vir Nederlands in die laasgenoemde standerds gebiedend „zullen deze leerlingen eenige kans van slagen hebben voor het eksamen voor lagere schoolcertifikaat."

**Vol lof**

In Augustus 1915 het die besoekende inspekteur in sy verslag vermeld dat kleiner herstelwerk aan die gebou nodig is. Hy het die hoof en sy assistente gelukgewens met hul goeie werk en aangeraai dat die onderrig van Nederlands in die grade tot praat beperk moet bly, terwyl lees in st. 1 kan begin. In st. 6 was Nederlands lees en praat swak en resitasiewerk in dié taal goed. Daar was, op die dae van inspeksie 306 van die 329 geregistreerde leerlinge aanwesig[10].

Met betrekking tot herstel- en onderhoudswerk kan, na aanleiding van die inspekteur se opmerking, vermeld word dat die bestaande terreinafskorting aan die ooste- en noordekant in 1916 opgeknap is deur mnr. H. van B. van Andel, terwyl 'n ander kontrakteur, 'n sekere mnr. S. Boorsma, kort daarna opknappings- en herstelwerksaamhede aan die gebou uitgevoer het wat in Januarie 1917 voltooi is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## Die jare 1917-1918

In Augustus 1917 is in die inspeksieverslag vermeld dat die aantal leerlinge van die *East Central School* toeneem, dat daar oor voldoende ruimte beskik word, maar dat die ventilasie van die gebou ontoereikend is. Aangaande die hoof en sy assistente is die volgende besonderhede in die verslag vermeld: Mnr. J. Elson (hoof), assistente mnre. Voss en Smith, mej. Dimsdale, mej. Anderson, mev. Ashley, mev. Kennerley, mev. Moore, mej. Enslin, mej. Taylor. Van die 361 ingeskrewe leerlinge was, tydens die inspeksie, 346 aanwesig[11].

Meer en, hierdie keer volllediger besonderhede aangaande die diensdoende personeel van die *East Central School,* kom in die gedrukte Transvaalse onderwysverslag oor 1917 voor[12].

Prinsipaal: Mnr. J. Elson, in diens sedert 1.3.1901.
Personeellede: Mnre. J. D. Smith en R. J. S. Pattison (laasgenoemde tydelik), mej. O. M. Taylor (in diens sedert 1.3.1902), mej. F. S. Dimsdale (in diens sedert 1.4.1903), mej. M. G. Anderson (in diens sedert 1.8.1903), mev. M. Ashley (in diens sedert 1.4.1910). Tydelik: Mev. E. Kennerley, mej. M. Enslin, mev. C. M. Kendrick.

In die lig van hedendaagse salariëring is dit interessant om te weet dat aan bogenoemdes gedurende 1917 in totaal ruim £2,468, m.a.w. R4,936 aan salarisse betaal is en dat, waar die aantal geregistreerde leerlinge se gemiddelde vir die *East Central School* in 1917 348 bedra het, daar in dieselfde jaar, 7,098 kinders in Pretoria laer onderwys ontvang het (1916: 6,272).

## Die skool onder leiding van prinsipaal W. J. H. Plant

*We feel that it is right to be put on record the loss both this school, and the teaching service in the Transvaal have sustained through the death of the late principal, Mr. Elson.*

Hierdie vermelding, wat in die inspeksieverslag van die tweede helfte van 1918 voorkom, sluit 'n waardering in vir die werk wat deur 'n skoolhoof verrig is wat in die tuig heengegaan het en, nadat 'n agerende prinsipaal sy plek gedurende nege maande gevul het, in Julie 1918 deur mnr. W. J. H. Plant opgevolg is. Te oordeel aan dieselfde verslag was die heengaan van mnr. Elson nie die enigste ramp wat die *East Central School* in 1917/1918 getref het nie, want nie minder as agt personeellede nie het gedurende dieselfde tydperk vertrek.

In die gedrukte departementele verslag oor 1918[13] is die *East Central School* as 'n klas 2-skool met 'n gemiddelde inskrywing van 355 en 'n totale salarisuitgawe van ruim £2,913 (R5,826) aangedui en is die volgende besonderhede aangaande die hoof en sy assistente vermeld:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

| *Persone* | *Sertifikate* | *Poste* | *Datum van kontrak* |
|---|---|---|---|
| Plant, W. H. J. (prinsipaal) | 2 | P 2 | 1.8.1905 |
| Kruger G. P. J. | 3 | B | 1.8.1915 |
| Smith, M. D. J. | 2 | B | 1.12.1917 |
| De Bruyn, H. A. J. | 3 | C | |
| Taylor, mej. O. M. | 2 | A | 1.3.1902 |
| Dimsdale, mej. F. S. | 2 | A | 1.4.1903 |
| Anderson, mej. M. G. | 3 | B | 1.8.1903 |
| Ashley, mev. M. | 3 | C | 1.4.1910 |
| Kennerley, mev. E. | 3 | C | |
| Slee, mev. C. A. | 3 | B | |
| Elson, mev. H. S. | 3 P | D | |
| Allen, mev. W. E. | 3 P | D | |

In 1919 het, aldus dieselfde bron van inligting, die gemiddelde inskrywing 372 bedra, terwyl aan salarisse £3,485 (R6,970) uitgegee is. Mev. Slee se naam het van die naamlys verdwyn, terwyl mev. L. Bagnall (kontrak: 1.1.1919) en mej. N. Groeneweg nuwe personeellede was. Die *East Central School* is as 'n klas 1-skool vermeld[14].

In 1920 het die gemiddelde inskrywings tot 468 gestyg, terwyl die hoof, mnr. W. J. H. Plant, in dié jaar 'n salaris van £660 (R1,320) en die laags besoldigde assistente £296 (R592) ontvang het. Aan die personeel is mev. I. A. Taylor, mej. A. B. C. Acton (kotnrak: 1.11.1916) en mej. M. E. Allen (kontrak: 1.8.1916) en mnr. L. O. Powell toegevoeg, terwyl die name van mnr. H. A. J. de Bruyn en mej. N. Groeneweg nie meer vermeld is nie.

**Geleidelike agteruitgang en ander aangeleenthede**

Van 1922-1930 het die *East Central School* se leerlinggetal in 1924 'n hoogtepunt van 566 bereik om daarna geleidelik tot 481 in laasgenoemde jaar te daal[16].

In 1922 is opknappingswerk deur die firma Spencer en Darling aan die dak van die gebou verrig en is afskortings in die twee klaskamers aan die suidekant opgerig. Twee jaar later is die tans nog bestaande nuwe ingang aan die noordekant aangebring om op dié wyse die toegang tot die aangrensende saal te verbeter wat dikwels vir konserte en half-openbare funksies gebruik is, terwyl die venster aan die noordekant in 'n dubbele draaideur verander is. Tewens is die reeds genoemde afskortings tot die plafon verhoog en die bestaande houtpilare op die oostelike stoep deur ysterpilare vervang. Nuwe geute is aangebring en kontrakteur A. van der Meulen was vermoedelik in 1925 met sy werksaamhede gereed. In 1925 is nuwe latrines by die skool gebou, terwyl daar in 'n inspeksieverslag van 1929 gekla is dat die skoolterrein besonder klein is, dat sowel personeel- as voorraadkamers ontbreek en dat die twee klaskamers aan die suidekant oor onvoldoende ventilasie beskik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In dieselfde verslag is die volgende personeellede genoem: Mev. Brotherhood, vise-prinsipaal Pickles, mej. Elson, mev. Bram, mnre. Zonneveld en Smith, mev. Bagnall, mej. Pope, mej. Acton, mej. Orford, mev. Adcock, mej. Taylor, mej. Anderson, mej. Van Luipen, en mev. Dean[17].

Nog in dieselfde jaar is herstel- en vernuwingswerk aan die skool uitgevoer. Nie alleen het die dak in 'n slegte toestand verkeer nie, maar moes dit ook geverf word om te verhoed dat die dakbedekking binne afsienbare tyd vervang moet word.

In 1931 het die prinsipaal, mnr. Plant, goedkeuring gevra om 'n fietsloods te laat oprig, terwyl hy vermeld het dat die bestaande Bantoekwartiere deur nuwes vervang word[18].

**'n Belangrike skrywe**

Op 25 Junie 1931 het die sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement 'n brief aan die hoof van die *Gymnasium Intermediate School,* mnr. Martin Phillips gerig, waarin ingrypende reorganisasieplanne m.b.t. die onderwys op Pretoria aan hom meegedeel is.

Daar was besluit om met ingang van die derde kwartaal (1931) reorganisasie met betrekking tot die *Gymnasium Senior School,* die *East Central School* en die *Hamilton School* deur te voer.

Met die oog daarop is, met ingang van dié kwartaal, mnr. Phillips na die *East Central School* oorgeplaas om daar die prinsipaalspos te beklee, terwyl die *East Central School* se leerlinge vanaf dié tydstip uit St. 7 en st. 8 van die *Gymnasium Senior School* en st. 5 en st. 6 van die *East Central School* en die *Hamilton School* sou bestaan.

Op 27 Junie 1931 het die Onderwysdepartement die benaming *Pretoria Central Intermediate School* as 'n moontlike nuwe naam vir die toekomstige onderwysinrigting vir oorweging voorgelê. Vervolgens het die benaming *Junior High School Pretoria* in Augustus 1931 in 'n skrywe van mnr. Phillips ter sprake gekom. In dieselfde brief het die prinsipaal verklaar dat sy personeel die benaming *Central Junior High School Pretoria* eenparig aanvaar het. Ter verduideliking het mnr. Phillips daaraan toegevoeg:

> *This means that only the word "East" would be deleted from the present name which I am sure your Board will agree as correct, as this school is not in the East but in the centre of the town.*

Op 14 Augustus 1931 het die skoolraad by die Departement van Onderwys aanbeveel dat die benaming *East Central School* deur *Central Junior High School, Pretoria* vervang word en op 9 Oktober 1931 het die Sekretaris van Onderwys (Transvaal) hom daarmee vereenselwig. Die volgende dag is daaraan toegevoeg dat die Departement besluit het dat die naamsverandering die status van die hoof en sy assistente nie sal beïnvloed nie[20].

Deur al die gesketste veranderinge het daar, nou onder leiding van 'n nuwe hoof — mnr. M. Phillips — in 1931 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van die Staatsmodelskoolgebou aangebreek[21].



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## AANTEKENINGE

1 Die skr. betuig sy opregte dank aan dié Raad en die Transvaalse Odnerwys-departement vir die gewaardeerde toestemming. Op dié wyse kan die geskiedenis van ons ou skole te boek gestel word en o.i. kan *Pretoriana* 'n belangrike rol as publikasie-orgaan lewer. Daar lê nog 'n groot en terselfdertyd vrugbare arbeidsveld braak wat, ook in die vorm van persoonlike herinnerings van oud-leerlinge, vrugbaar bearbei kan word.

2 *Pretoriase Skoolraadargief,* lêer 6/12, Central Junior High School, waarin inspeksieverslae van inspeksies wat op 28 en 29 Oktober en 1 November 1909, Mei 1907 en in Maart 1908 gehou is.

3 Die genoemde werkie het in 1913 in Johannesburg verskyn. Dit het tot stand gekom as gevolg van samewerking tussen die Pretoriase Munisipaliteit en die bestuurder van die S.A. Spoorweë en is in die Staatsdrukkery, Pretoria, gedruk. Dit wil voorkom of die oplaag 15,000 was.

4 In *Pretoria* 1855-1955, p. 229, is die skool geneom.

5 *Pretoriana,* nr. 54, Aug. 1967, p. 9.

6 *Pretoria Skoolraadargief.* Dieselfde lêer, verslag dd. 4.3.1909.
*Ibid.* Dieselfde lêer. Inspeksies is gehou op 31.3 en 3.4.1911 en van 8-9.11.1911. Verslae oor 1910 is nie aangetref nie. Tydens eersgenoemde inspeksie was 176 van die 209 leerlinge aanwesig.

8 *Ibid.* Dieselfde lêer. Inspeksieverslag dd. 6 en 7.11.1912.

9 *Ibid.* Dieselfde lêer. Leerlinge in register 249, aanwesig 237. In dieselfde jaar is dreineringswerke en die aanlê van sanitêre geriewe voltooi. Dié werksaamhede is deur die firma Dawson en Fraser uitgevoer.

10 *Ibid.* Dieselfde lêer, waarin inspeksieverslag van 19, 20 en 25 Augustus 1915.

11 *Ibid.* Dieselfde lêer. Inspeksieverslag 15, 27 en 28 Augustus 1917.

12 *T.O.D.*-verslag, p. LXXVI, p. 6.

13 *Ibid.*, oor 1918, p. LXXIV.

14 *Ibid.*, oor 1919, p. LXXXIII.
In 1919 het mnr. C. H. Bottger opknappingswerk aan die gebou verrig wat kragtens U.R.B. nr. 21, van 6.1.1920, goedgekeur is. Tender: £487 (R974).

15 *Ibid.*, oor 1920, pp. XCVIII-XCVIX.
Inspeksieverslae oor 1921-1929 kon nie onder die dokumente in die skoolraad se argief opgespoor word nie.

16 *Ibid.*, 1922-1930, t.w. pp. IX, 342, 257, 275, 234, 318, 149, 159, 150.

17 *Pretoria Skoolraadargief.* Lêer 6/12, waarin inspeksieverslag 5.2.1929.

18 *Ibid.*, lêer 1/265, deel 1, waarin W. J. H. Plant — Sekr. Skoolraad, 16.3.1931.

19 *Ibid.*, lêer 3/12 (algemeen).

20 *Ibid.*, lêer 12 *Central Junior High School* (algemeen), waarin genoemde korrespondensie.

21 Die redakteur sal graag verneem of lesers nog in besit van foto's van mnre. Plant en Phillips, personeelfoto's en groepopnames van skoliere van dié tydperk is.

# OLD PRETORIA SOCIETY CONSTITUTION

*The Afrikaans text of the constitution of the Old Pretoria Society was published in the August* 1967 *issue of* PRETORIANA *after revision during* 1965/66 *and approved by the annual general meeting of* 1966.

1. The Society shall be known as the **"OLD PRETORIA SOCIETY".**
2. The objects of the Society are:
   (a) To trace important historical, cultural/historical or architecturally significant buildings and places and to record authentic data about them, or to promote



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

these objectives and to arrange, or to have arranged, the preservation of such buildings and places and the data concerning them.

(b) To collect, or to have collected, documents, objects and material of historical or cultural/historical value and to take these into its own care or entrust them to a suitable body or institution for safekeeping.

(c) To record historical facts in writing, in likenesses or otherwise and to attempt to supplement such with authentic data of a historical or cultural/historical nature and to promote a faithful presentation of the history of the City of Pretoria and adjoining areas.

(d) To investigate protected, insufficiently protected and unprotected historical sites, objects or material, including those of cultural/historical value and to take steps to secure their preservation and maintenance, if necessary in consultation with other organisations and/or local, provincial or national authorities whose objects are similar to those of the Society.

(e) To formulate plans and take steps to further historical celebrations and to support or promote competitions in relation thereto.

(f) Within the scope of its powers to assits Municipalities, City Councils or any other authority having the necessary power, with town planning, expansion, development, the embellishment of urban areas, improvements in urban facilities, the adoption or change of place names in any part of the city or suburbs of Pretoria and adjoining areas.

(g) To foster interest in the indigenous trees and plants of the City of Pretoria and adjoining areas and to concern itself actively with their preservation.

(h) To take steps to ensure that in the planning of urban areas recognition is given to the past.

(i) To compile and publish magazines, maps, books and other reports of importance, or which deal with the activities of the Society or which are of historical interest.

(j) To purchase, or otherwise acquire for the purposes of the Society, any movables, equipment, patents, trade marks, copyright as well as immovable property of all kinds.

(k) To borrow or otherwise legally to collect money and ensure its payment in any legal way, in such manner as the Society may approve.

(l) To invest any funds that are not required immediately for the furtherance of the Society's undertakings, or to deal with them against such security and in such way as may be determined from time to time, and to realise or change such securities and investments, to re-invest the proceeds, or to deal with them in such other ways as may be determined by the Executive from time to time.

(m) To open and operate bank or building society or similar accounts; to sign and issue promissory notes, bills of exchange and other negotiable instruments or transfer documents.

(n) To undertake itself, or to have undertaken through agents, contractors, representatives or in co-operation with other bodies, that which is considered necessary to the execution or furtherance of any of the objects of the Society.

(o) To accept representation on Councils, to co-operate with any Council, authority, institution or person and to participate in their activities in such manner as may promote the Society's objects or interests.

(p) To have official coats of arms, crests and other emblems of the Society or which are of importance in the history of Pretoria and adjoining areas designed, granted and registered, and to advise the inhabitants of Pretoria and adjoining areas in connection with the design and registration of coats of arms and similar matters and to assist with the compilation of family histories and the safekeeping of historical and artistic objects.

3. The Society shall comprise a membership of at least ten (10) ordinary members who may consists of individual, incorporated bodies, associations, and/or



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

partnerships of persons. Each such member, whether individual person, incorporated body or association or partnership shall be entitled to only one vote at any meeting of the Society.

4. Each member shall be obliged to conform with the provisions of the constitution, by-laws and regulations of the Society.
5. MEMBERS of the Society shall comprise:
   (a) Ordinary members;
   (b) Honorary members;
   (c) Life members.
6. Each CANDIDATE FOR ORDINARY MEMBERSHIP shall be nominated in writing by a member of the Society accompanied by his own written consent to the nomination and undertaking to comply with the conditions of membership if he be elected.
7. Each nomination for membership shall be dealt with by the Executive and a candidate may be admitted as an ordinary member by a majority of votes of the Executive, subject to a newly admitted member paying his entrance fee and first year's subscription within 14 days of his notification of admission as a member.
8. On the recommendation of the Executive the Society shall be entitled at a General Meeting to elect HONORARY MEMBERS.
9. On the recommendation of the Executive Honorary membership may be granted at the Annual General Meeting to members, as well as to non-members as an appropriate mark of distinction for exceptional contributions to the objects of the Society or to the promotion of the repute and progress of Pretoria and adjoining areas or for exceptional contributions to the development of Pretoria and adjoining areas and/or of its amenities or for other exceptional work of general or public importance concerning Pretoria and adjoining areas.
   An honorary member, President and Vice President, shall not be required to pay any entrance fee or subscription and shall not be entitled to vote at any meeting of the Society.
10. LIFE MEMBERS. Life membership may be obtained by payment of an amount of not less than FIFTY RAND (R50) to the Society. Life members are entitled throughout their lives to full members privileges without any further financial obligation.
11. MEMBERSHIP SHALL BE TERMINATED:
    (a) for any member who fails to comply with the conditions of membership within 14 days of receipt of written notification to comply with his obligations;
    (b) on the proposal of the Executive subject to ratification by the following general meeting of members;
    (c) by the death of a member;
    (d) if a member is certified insane;
    (e) by a member's resignation.
12. ENTRANCE fees and amount of subscriptions shall be determined from time to time at a general meeting of members. No change in amount of a subscription shall be effected during the period in respect of which a member shall have paid his dues.
13. The activities, business and undertakings of the Society shall be controlled and administered by the Executive which may exercise all the powers of the Society that are not by this Constitution reserved to be carried out by the members assembled in general meeting subject always to compliance with the provisions of any such by-laws and regulations as may be adopted by the Society at a General Meeting. No by-laws or regulations adopted by the Society at a general meeting shall invalidate any previous acts of the Executive which would have been valid if the said by-law or regulation had not been adopted.
14. (a) THE EXECUTIVE of the Society shall consist of a Chairman, Vice-Chairman, Secretary, Assistant Secretary, Editor, Treasurer, Archivist and six other members.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(b) Members of the Executive shall be proposed and elected at the Annual General Meeting and unless otherwise determined at their election, such officer respectively shall hold office until the next following annual meeting.

(c) Members of the Executive shall assume office immediately after the meeting at which they are elected and shall hold office until the close of the meeting at which their successors are elected.

(d) If a member of the Executive shall die or resign or vacate his office during his term of office, the remaining members of the Executive shall be entitled to co-opt an Executive member from among the members of the Society for the remaining portion of the period for which the Executive member in question was elected.

(e) A quorum of the Executive shall be four (4) members.

(f) The Executive shall meet at least once every three months and the chairman man convoke further meetting when by him considered necessary.

(g) The Executive may appoint permanent or ad hoc sub-committees from among its members, with such powers as may be determined in their terms of appointment or with the full powers of the Executive if so determined by it, but in any event subject to the proviso that such sub-committees shall report their activities in writing to the following meeting of the Executive. Notwithstanding the powers hereby given the admission of members to the Society shall be dealt with only by the Executive itself in terms of articles 7 and 8 of this Constitution.

(h) The Executive may appoint sub-committees that comprise members of the Society, non-members, or both, with permanent or ad hoc powers and with or without the right of co-option.

(i) The Executive shall be responsible for proper Minutes being kept of all meetings of members, of the Executive and of other committees and shall ensure that proper financial and other records are kept and shall submit audited balance sheets and statement of income and expenditure and a report of activities to each Annual General Meeting of members.

15. By-laws and/or regulations for the proper administration of the Society and of any committee thereof may be compiled from time to time, or amended or replaced, provided that any proposal affecting the by-laws or regulations submitted by the Executive, or by not less than ten (10) members, to a general meeting and approved thereat, shall take effect and be of binding force on members from such date as shall be determined by the general meeting.

16. The ANNUAL GENERAL MEETING of members of the Society shall be held in November of each year, provided that written notice thereof together with the Agenda, balance sheet, income and expenditure account and report of the Executive for the previous year, shall not less than 21 days before the date of the said meeting be posted to each member at his address registered with the Society.

17. At the written request of not less than ten (10) members, the Executive or Chairman shall convoke extraordinary meetings at any time except during November, provided that written notice thereof including the Agenda and embodying full particulars of the reasons for the meeting shall be posted to all members not less than twenty one (21) days before the proposed date of the meetting. At an extraordinary meeting only the matters appearing on the Agenda shall be dealt with.

18. At all general meetings the members present fifteen (15) minutes after the time determined for the meeting shall constitute a quorum provided not less than ten (10) members are present.

19. The Society has been founded and exists with legal personality with the power to acquire and hold assets for the Society in its own name, to have them registered, to mortgage, rent or alienate them, to institute or defend legal



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

processes, action or application of any kind before any Court, competent body or persons with jurisdiction, or in general to do or cause to be done, with power of substitution whatever may be necessary or desirable for carrying out the objects or the interests of the Society and its affairs, nothing being excepted.

20. The Society is entitled and empowered in its own name and for any objects of the Society or for any of its undertakings to acquire and have registered immovable property, by way of purchase, hire, gift, exchange or in any other way and may sell, mortgage for debts, exchange, lease, encumber or alienate in any way immovable and movable property of the Society and may obtain and have registered servitudes or other rights in favour of the property of the Society and grant rights over its property to any other owner or the general public.

21. The Society may collect, acquire and control or invest money in any legal manner and use its funds for the promotion and execution of its objects and undertakings and for the payment of its debts. Any monies that are not required immediately for the Society's undertakings may be invested in such securities as the Executive may deem fit.

22. The income and property of the Society wheresoever derived shall be applied solely towards the promotion of the objects of the Society and no portion thereof shall be paid or transferred, directly or indirectly, by way of dividends, bonus or otherwise howsoever by way of profit to the members of the Society; provided that nothing herein contained shall prevent the payment in good faith of remuneration to any officer or servant of the Society or to any member thereof in return for any services actually rendered.

23. If, upon winding up or dissolution of the Society there remains after the satisfaction of all its debts and liabilities, any property whatsoever, the same shall not be paid to or distributed among the members of the Society but shall be given or transferred to some other institution having objects similar to the objects of the Society, to be determined by the members of the Society at or before the time of dissolution.

24. While the members of the Society are not liable for the debts thereof each member nevertheless undertakes to contribute an amount of R1.00 to the assets of the Society if it should be wound up or liquidated while he is a member, or within one year afterwards, for the payment of the debts and liabilities of the Society contracted before he ceased to be a member and of the costs, charges and expenses of liquidation or winding up thereof.

25. The use of Afrikaans or English shall be optional to members at proceedings of the Society, but the Executive shall issue all notifications in both languages.

26. This Constitution may be amended or the Society dissolved by a two thirds (2/3) majority of the members present at a special general meeting of members, provided that thirty (30) days written notice of the meeting and the proposed resolutions shall have been posted to each member.

27. Any notice directed to a member at his address registered in the records of the Society shall be deemed to have been received by him thirty six (36) hours after its having been posted.

28. ESTABLISHMENT. We, the undersigned representatives of the OLD PRETORIA SOCIETY, propertly thereto appointed and empowered by Resolution duly passed at PRETORIA on the 23rd day of NOVEMBER 1965, in terms of the Society's then existing Constitution, accept and approve the aforegoing Articles as the Constitution of the OLD PRETORIA SOCIETY in substitution for the aforementioned Constitution and with effect from the 18th day of October 1966 to be of binding force and effect on all members, without prejudice to and with reservation of all acts done in terms of the previous Constitution of the Society.

The Afrikaans version of the Constitution having been approved and signed at PRETORIA on the 18th day of OCTOBER 1966.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services